

Maandag 28 September

Skrifgedeelte: Ester 9:1-19

Fokusgedeelte: Ester 9:1

God bewerk in sy voorsienigheid 'n groot omkering!

Die dag wat deur die lot bepaal is om die Jode dood te maak, het op presies die teenoorgestelde uitgeloopt. Die omgekeerde het gebeur! Die Jode word nie deur hulle vyande oorweldig nie, die Jode het hulle vyande oorweldig. Die Jode wat benoud en bang was vir hulle vyande, is nou die mense vir wie die volke skrikbevange is.

Ester moes haar lewe waag om vir die koning te vra om haar volk se lewe te spaar. Wanneer hy hoor hoeveel mense deur die Jode doorgemaak is, is hy vol vrees en sê hy aan Ester dat sy enigiets kan vra of versoek, dit sal aan haar gegee word. Waar die Jode gevas en gehuil en gekerm het (4:3), het hulle vol vreugde feesgevier. So word die dag waarop die besluit en proklamasie van die koning uitgevoer moet word, 'n ommekeer waarin al die rolle omgeruil word. Die dag wat die Jode se einde moes beteken, word die twee dae van hulle grootste oorwinning.

Dit is God wat in sy voorsienigheid die omkering bewerk! Hy sorg dat Ester koningin is en dat Mordegai 'n hoë posisie beklee. Hulle kan inspraak maak vir die Jode. So sorg die Here. Hy sal nie toelaat dat sy volk uit wie die Verlosser moet kom, vernietig word nie.

Eindelik stuur God dan ook die Verlosser na die wêreld en Hy bring die groot omkering, ook in ons lewens. Jesus Christus sterf in ons plek aan die kruis en so ontvang ons wat die ewige dood verdien, die ewige lewe.

Sing: Psalm 68-1:1

Ds. AL Pelsner (Abri) (Bethlehem)